Huiskerk

Quellerina Gemeente

# Familie-waardes

## Vriendelikheid

*Lees die tekste stadig deur.*
*Lees dit hardop indien moontlik.*

*Hoe pas hierdie by jou lewe in?*

*Wat kan julle as gesin uit hierdie les neem?*

*Watse emosies kom by jou op as jy hierdie teks lees?*

*Waarom beleef jy daardie emosies?*

Om vriendelik en beleefd te wees, beteken om sensitief teenoor en in vrede met mense te leef. Dit is om te probeer verstaan, eerder as om te konfronteer. Dit is om te probeer verstaan, eerder as om te konfronteer.

Dit impliseer 'n sagtheid van gees, veral teenoor hulle wat in 'n swakker posisie as jy is en dalk uitgestoot voel. Dit is om hulpvaardig en opgeruimd te wees.

-In watter mate oordeel ons mense op grond van hulle vriendelikheid of onvriendelikheid?

-Hoekom is dit so belangrik om jou kinders aan te moedig om hulle vriende ook soms na julle huis te bring?

-Komplimenteer jy jou kinders genoeg oor hulle vriendelikheid en beleefdheid teenoor jou, maar ook teenoor ander mense?

-Gebruik jy self genoeg die woorde asseblief, dankie, verskoon my, ens? En glimlag jy genoeg?

-Is daar verskillende tipes vriendelikheid?

-Hoekom moet ons vriendelik wees?

Lees Galasiërs 5:16-26. Wat beteken dit as die Woord sê dat vriendelikheid 'n vrug van die Gees is? Is alle gelowiges vriendelik? Is 'n onvriendelike Christen hoegenaamd moontlik?

Lees 2 konings 25:28. Wat sien jy hier raak in die verhaal van 'n vreemde Babiloniese koning wat vriendelikheid bewys? Lees ook Handelinge 28:7. Sien ons dit nie ook raak dat ongelowiges vriendelik kan wees nie? Hoe kry hulle dit reg? Is vriendelikheid dan nie afkomstig van God af nie?

Lees 1 Korintiërs 13:4, 1 Petrus 3:8 en Filippense 4:4-5. Waarmee hang vriendelikheid saam en waarmee nie?